Hi Annette

Wat 'n heerlike ondervinding was die uithouritte te Australie. Ons het dit vreeslik geniet, net die tonge het later so rond soos 'n papegaai s'n geword van al die Engels praat!!! Ons is baie hartlik verwelkom en baie mooi na gekyk deur ons gashere. Een van die Aussie ruiters het aan ons 'n perd vir beide ritte verskaf. Ons het heerlik gekuier om kampvure wat dag en nag brand. Daar is ooooorgenoeg "Gum trees" (bloekombome)!!! 'n Nuutjie vir Suideboere wat net gewoond is aan kalkklip en rooi Kalahari duine. Ons het baie vriende gemaak en het die Aussies waarmee ons te doen gekry het, ervaar as vriendelik, behulpsaam en toeganklik.

Die eerste uithourit was naby Canberra nl; The Rock. Gawie en sy 5 jarige reunperd, Ramy het 4de op die 80km geeindig. 'n Novice perd wat sy 2de rit voltooi het. Hulle het 2 en 'n half uur vroeer klaargemaak as die vorige liggewig ruiter op Ramy. Iets waaroor die Aussie eienaars baie beindruk was. Boonop aangebied vir "Best Condition" en tweede geeindig. Die omgewing redelik plat met kangeroos oral te sien.

Die tweede rit was meer noord, naby Dubbo waar ons by 'n klomp Suidwesters aangesluit het. Phillip Strauss het beoordeel tydens die Dubbo skou en was dit heerlik om kliphard te lag en kuier in ons eie taal. Die Mudgee rit was in wynwereld en pragtig. Hier het ons mooi perde gesien en lekker koud gekry. Ongelukkig het Ramy in 'n stok getrap en het Gawie hom na die eerste 40km ontrek.

Die Aussies se klub ritte is open-gate en die FEI ritte soos by ons, vet-gate. Dit was heel interressant om te sien hoe hul dinge doen. Baie "laid back" en in meeste gevalle meer 'n stokperdjie as kompeterend. Baie meer perde wat deelneem, die eerste rit 92 perde en die 2de rit 130 perde. Hulle gee ook "buckle's" ipv sertifikate en medaljes. Ek moet eerlik sê dat die Aussies baie mooi na hul perde kyk maar nie naastenby so kompeterend soos ons Suid Afrikaners en Namibiërs is nie. Lekker om by hul te kon leer maar ook baie lekkerder om te weet ons land staan nie terug vir 'n Eerste Wereldland nie.

Ek stuur 'n foto van Gawie en Ramy met The Rock rit waar hy aangebied het vir "best condition". O ja, "fittest horse", soos hul dit noem, moet die ruiter sy perd in figuur 8 RY.

Mooi week en baie groete uit Kalahari-Land!!!
Carina

PS Die Aussie ruiter wat aan ons 'n perd verskaf het, kom na SA vir die Faurismith rit. Sy is deel van die Aussie span wat teen SA deelneem en sien baie uit na die Tri-Nations. (SA, Australie en Nieu Seeland)